

Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens 2017-03-12

Markus 7:24-30
Vers. 24

God voed ons in oorvloed sodat ons kan deel met die wat geestelik hongerly

Inleiding:

Hongerly is nie iets wat ons vir enige iemand wil toewens nie. Kos is een van die basiese behoeftes van elke liewe mens. Diê Wêreldvoedselorganisasies poog om hongersnood en wanvoeding in ontwikkelende te bekamp wat veral lande in Afrika insluit. Die gevolg van die droogte wat ons land op sy knieë gedwing het, het ons bykans in die posisie gesit dat daar nie brood op die tafel is nie.

Tog kan ons eet. Ons is versadig en ons kan lekker eet.

Ons kultuur is in baie elemente gevestig om eet. Ons hou van braai met 'n broodjie, pap en sous of 'n slaai wat saam met 'n lekker stukkie boerewors gaan.

Tog is daar so baie mense wat hongerly. Hulle ervaar 'n honger wat nie deur braaivleis gestil kan word nie. As ons ons oë oopmaak word ons gekonfronteer met 'n geestelike hongersnood. Tog is hierdie behoefte nie as gevolg van 'n droogte of 'n mislukte oes nie, maar omdat gelowiges, ons, op ons louere rus.

Daarom word ons vanoggend aan die hand van Markus 7 geleer dat God ons voed in oorvloed daarom moet ons deel met hulle wat geestelik hongerly.

God gee aan ons genoeg om te eet

Ons kom vanoggend bymekaar om saam te eet. Ons vergader as gemeenskap van gelowiges om saam deel te kry aan die brood van die lewe. Die kos word beskikbaar gestel in oorvloed – tog stoot ons net die kos rond of trek ons neuse op. God gee aan ons die voorreg om as gelowiges te kan vergader. In ons land het ons die vryheid om God se naam aan te roep sonder om vervolging te vrees.

Ons gemeente het die geleentheid om in die oggend en die aand saam te kom rondom God se Woord. Ons het verskeie Bybelstudie groepe en ander geleenthede waar daar met die Bybel erns gemaak word om meer oor God te leer.

Die geleenthede om te eet is dus daar. Daar is baie kos. Ons het selfs die voorreg om die Bybel in ons eie taal te kan hoor. Daar is selfs verskeie vertalings beskikbaar. Tog is ons nie altyd bereid om te eet nie. Ons kyk ons eie honger mis want vereis tog soveel opoffering van ons kant af – Ek moet vroeg opstaan, ek moet tyd in my besige skedule afstaan, ek moet saammet ander mense bymekaar kom.

Buiten die gedeelte wat ons saamgelees het fokus ons ook vanoggend op die oorhoofsetemavan die evangelie volgens Markus. Buiten die feit dat Jesus die Christus is, ook die gedagte van Jesus as die lydende dienskneg. Hy is volkome verwerp en sy diensbaarheid is nie ontvang nie. Ons lees deur die verloop van die boek hoe die Fariseërs, die gemeenskap en in sommige gevalle selfs die dissipels Jesus se werk as verkondiger van die Woord teestaan.

Dit gebeur nie omdat die mense nie wil hoor nie, maar omdat hulle eie belange op die voorgrond was. Menslike tradisie en oorgelewerde gebruike is bo die gesag van Jesus Christus geplaas. Hierdie mense het Jesus Christus gesien hulle het die preke van Jesus direk gehoor. Hy was by hulle – God het voorsien dat hulle die lewende brood konsien en beleef. Daar was dus kos in oorvloed gewees.

En tog wou hulle nie luister nie. Hulle wou nie eet nie. Tog is daar so baie ander wat hongerly.

Wie is waardig om te eet?

In Markus 7:24-30 lees ons van die Siro-Fenisiëse vrou. Dit is opvallend dat Markus soveel inligting oor hierdie vrou gee. Wanneer ons egter na die omstandighede kyk waarbinne Markus skryf, sien ons hoe opvallend dit is dat juis hierdie vrou met Jesus praat.

Sy is afkomstig van die Romeinse provinsie – Sirië. Die mense wat Sirië gepraat het is teen gediskrimineer. Sy is van die Fenisiëse ras – en op grond van hierdie ras is hierdie mense deur die Jode geskel as honde. Sy het die Griekse geloof nagevolg – sy was dus direk teenstrydig met die Joodse geloof.

Daarby saam was sy ook 'n vrou.

Op grond van taal, ras, geloof en geslag was hierdie vrou dus nie aanvaar nie. Sy is verwerp. In die parallele gedeelte in Matteus vra die dissipels vir Jesus om die vrou weg te jaag.

Die dissipels is dus nie bereid om enigsins die evangelie met haar te deel nie.

Jesus luister dan na haar en gee 'n baie vreemde uitspraak – *“Wag dat die kinders eers klaar eet, want die is nie mooi om die kinders se kos te vat en vir die hondjies te gooi nie.”*

Op eerste oogopslag lyk of Jesus die vrou hanteer net soos wat al die ander Jode haar sou hanteer. As ons egter fyn kyk sien ons dit is nie die geval nie.

Jesus lig dit uit dat daar 'n klasse verskil is tussen die kinders – Israel – en die honde – Fenisieërs. Die klasse verskil is egter mensgemaak en nie iets wat hoort by mense wat klaarblyklik gelowig is nie – Mense wat hulleself kinders noem. Tog noem Jesus die vrou ook 'n hond. Jesus bedoel dit egter nie as 'n skelnaam soos die Jode nie, nee Hy verwys na 'n klein hondjie wat 'n troeteldier is en waarvoor sy eienaar lief is.

Die vrou besef dit dadelik en antwoord Jesus deur verder uit te brei op die beeld wat Jesus gebruik. Die vrou maak dit ook duidelik met hoe min sy tevrede is. En op grond daarvan genees Jesus oombliklik haar dogtertjie. Haar geloof word deur Jesus uitgelig. Net 2 keer in die Nuwe Testament spreek Jesus homself uit oor iemand se sterk geloof – en dit is opvallend dat in beide gevalle dit mense is van wie die Jode dit nie verwag nie – Die Siro-feniesiese vrou en die Romeinse soldaat.

Die reaksie van die dissipels op grond van die genesing word nie genoem nie, maar dit is nie die kern van hierdie vertelling nie.

Jesus maak dit duidelik dat Hy verby menslike voorveronderstellings kyk.

Daarom vereis Hy ook van ons om die lewende brood te deel.

Deel die brood

Daar is so baie mense wat hongerly – hulle ervaar die hongerpyne van geestelike honger. Juis daarom word ons opgeroep om te deel. Ons ontvang in oorvloed. Ons kan nie op ons louere rus as kinders van God, terwyl die sogenaamde honde hongerly nie. Ongeag ons eie voorveronderstellings kan ons nie ander weerhou van die goeie nuus nie.

Jy is verlos deur die wonder van die evangelie – hoekom sal ons ander daarvan ontnem? Ons kan nie met die mond bely maar met die hart en die hand teenstrydig optree nie.

Paulus roep ons op in 1 Kor. 4:20: *Die Koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag.*”

Ons moet dus met ons dade getuig dat ons verlos is – en dit doen ons deur die evangelie te deel met ander ongeag taal, ras, kultuur, geloof of ras.

Ons moet die evangelie deel ook met hulle wat ons voel dit nie verdien nie, omdat ons dit self ook nie uit verdienste ontvang het nie. Ons moet self raaksien dat ons ook honde is, en tog voed God ons met die brood van die lewe.

Bid daarom dat die Heilige Gees ons sal blindmaak, sodat ons verby liefdelose voorveronderstellings sal kyk, en die honger van ander sal raaksien. Die Heilige Gees staan ons by om diensbaar te wees in die geloof soos wat Jakobus 2:26 dit ook uitlig – *“'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood.*”

Christus was diensbaar – *“Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.*”

Slot:

Geliefdes ons is verlos – Dit baat ons egter niks as passief sit en onself vergryp aan die brood van die lewe terwyl ander hongerly nie. Ons word opgeroep om die boodskap van verlossing te deel. Op so 'n wyse kweek ons dissipels vir Jesus Christus en groei ons elkeen se dissipelskap ook.

Ons is gemaklik om te praat. Mag God ons ook die genade gee om met ons dade ook te getuig dat wat ons met die hart glo en met die mond bely.